education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2010

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 36 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | (35) |
| AFDELING B: | Drama | (35) |
| AFDELING C: | Kortverhale | (35) |
| AFDELING D: | Gedigte | (35) |

2. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit ELK van die TWEE afdelings wat jy gekies het. (Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.)

3. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie.

   - Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy.
   - Merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het.
   - Lees daarna slegs hierdie vrae oor die tekste wat jy gedoen het.
   - Kies die tipe vraag wat jy wil doen.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling.

5. Voorgestelde tydsaanduiding: ongeveer 60 minute per afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

- Kies die TWEE genres wat jy vanjaar behandel het.
- Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A of B of C.
- Beantwoord TWEE gedigte (17½ punte x 2) indien jy AFDELING D kies.

**AFDELING A: ROMAN**

**Beantwoord ENIGE EEN van die volgende vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 1: *Kringe in 'n bos* | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 2: *Kringe in 'n bos* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 3: *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 4: *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 5: *Meeulanders* | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 6: *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

**Beantwoord ENIGE EEN van die volgende vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 7: *Poppie, die drama* | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 8: *Poppie, die drama* | Kontekstuele vraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 9: *Paljas* | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 10: *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**OF**

**AFDELING C: KORTVERHALE**

**Beantwoord net EEN van die volgende vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 11: *'n Beter lewe vir Mams* | Opstelvraag | 35 punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 12: *Violetta* | Kontekstuele vraag | 35 punte |

**OF**

**AFDELING D: GEDIGTE**

**Beantwoord vrae oor enige TWEE van die volgende gedigte:**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 13: *So long, Skipskop* | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 14: *'n klein beriggie* | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 15: *Life vannie jobless* | Kontekstuele vraag | 17½ punte |
| **OF** | | |
| VRAAG 16: *Vrou langs die pad* | Kontekstuele vraag | 17½ punte |

## AFDELING A: ROMAN

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

In die roman *Kringe in 'n Bos* leer ons Saul as 'n **alleenloper** ken.

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy hierdie stelling motiveer. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys na:

- Saul as kind in die bos
- Saul as jongman by MacDonald
- Saul as delwer
- Saul as meubelmaker
- Saul as man aan die einde van die verhaal **[35]**

**OF**

### VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Hy het die nag vlak by Groot Eiland in die Bos geslaap. Wakker gesit. Dit was 'n deurmekaar nag van opstand en veronregting, van moedeloosheid en selfbejammering. Van die dag dat hy dit gewaag het om die bloubokkie se kop oop te kap, was hy as oproerling in hierdie bos gebrandmerk. Toe hy die dag weier om die byl te lig teen die kalander, wat hy waaragtig geglo het nie gekap moes word nie, het hulle die tweede merk op hom gesit: opstandeling. En toe hy die dag opstaan en sê hy loop nie langer in 'n pad langs wat nêrens uitkom nie, was die derde merk in hom ingebrand: weggejaagde. Nou het hulle hom verraaier gemaak. Nee, o magtig, die lewe maak nie reg nie. Kyk hy agtertoe, is hy vas. Kyk hy vorentoe, is hy vas. Op die dorp het hulle hom sommer oor die voorkop gebrandmerk: hy kom uit die Bos, hy's *wild*, hy's onnosel. Daar sal later nie meer plek op sy lyf oor wees om gebrand te word nie.

2.1 Wat het Saul gesien toe hy die dag die bloubokkie se kop oopgekap het? (1)

2.2 Wat was Jozef se reaksie toe Saul sê dat hy die bloubokkie se kop oopgekap het? (1)

2.3 Saul het sy mening oor grootmense verander nadat hy die dag die bloubokkie se kop oopgekap het.

2.3.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.3.1 met 'n rede uit die roman. (1)

2.4 Saul het daardie dag die bloubokkie se kop oopgekap, omdat hy wou sien of die gal wel in die kop sit.

Wat sê hierdie optrede vir ons van Saul se geaardheid/karakter? (1)

2.5 Noem nog TWEE kere toe Saul van die bloubokkie se gal gepraat het, waar hy na leuens moes luister. (2)

2.6 Die kalander waaraan Saul in hierdie uittreksel (reël 6) dink, was vir hom baie spesiaal.

Skryf 'n paragraaf (omtrent 50 – 60 woorde) waarin jy vertel hoekom hy dit nie wou afkap nie. (5)

2.7 Watter belofte maak Saul aan homself toe hy en oom Anneries ná die kap van die kalander dorp toe gaan en hy vir die eerste keer die see sien? (1)

2.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (2.8) en die antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Toe Saul gesê het dat *hy nie langer in 'n pad loop wat nêrens uitkom nie*, het hy bedoel dat (die bos te dig was en hy benoud gevoel het/hy 'n beter lewe wou hê as die boswerkers s'n). (1)

2.9 By wie het Saul gaan werk nadat hy die eerste keer die Bos verlaat het? (1)

2.10 Rangskik die kere wat Saul en Oupoot mekaar ontmoet het, in die KORREKTE volgorde. Skryf slegs die vraagnommer (2.10) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

A Die keer toe Saul so baie siek was.
B Die eerste Kersfees toe Saul by sy mense in die bos gaan kuier het.
C Na sy pa se begrafnis.
D Toe hy in die bos saam met Patterson was. (4)

2.11 Wat het Saul gedoen om 'n ryk man te word? (1)

2.12 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (2.12) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Saul het die tweede maal die Bos verlaat omdat hy ...

A nie wou sien hoe die bos vernietig word nie.
B geweet het dat Oupoot doodgeskiet is.
C geweet het dat Kate op die delwersdorp skoolgehou het.
D genoeg geld gemaak het. (1)

2.13 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (2.13) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Saul het Kaap toe gegaan omdat ...

A hy van Beth af wou wegkom.
B die bos toe reeds vernietig was.
C Freek Terblans Oupoot geskiet het.
D MacDonald nie meer sy familie se hout wou koop nie. (1)

2.14 Stem jy saam dat die plek waar jy woon, bepaal watter soort mens jy is? Motiveer jou antwoord. (1)

2.15 *"Kyk hy agtertoe, is hy vas. Kyk hy vorentoe, is hy vas".* (reël 11 – 12)

Wat sou jy gedoen het om los te kom as jy Saul was? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Do you come from the bush?" vra sy en agter hom lag die ander.

"They speak kitchen Dutch," sê een, en Saul het geweet hy sou nie omgee om net daar dood te raak nie.

"Is daar regtig olifante in die bos?" vra die meisiekind half dringend en sy staan waar sy staan ...

"Come on, Kate!" Die ander het begin haastig word. "They're wild, these woodcutters' children."

"Het jy al 'n olifant gesien?" bodder sy weer oor die olifante en bly hom aanstaar. Toe vra sy met die grootste ongeduld: "Kan jy praat?"...

"Pa," het hy gevra toe die vuur brand, "is ons witmense, Pa?"

2.16 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (2.16) en die korrekte antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Toe Saul in reël 4 sê dat hy nie sou omgee om net daar dood te raak nie, het hy bedoel dat hy (nie lekker gevoel het nie/baie skaam was/wou weghardloop). (1)

2.17 Sê in jou eie woorde wat die kinders met die volgende sin bedoel het:

*"They're wild, these woodcutters' children."* (1)

2.18 Waarom moes Kate later die volgende woorde as strafwerk uitskryf:

"*All woodcutters are wild and dirty and so are their children*"? (1)

2.19 Hoekom het Saul vir sy pa gevra of hulle witmense is? Gee TWEE redes. (2)

2.20 Saul het agtergekom dat die mense wat kitchen-Dutch gepraat het, anders behandel word as dié wat Engels gepraat het. Wat is die verskil? (1)

2.21 Watter les oor mense wat anders is, leer ons uit hierdie uittreksel? (1)

2.22 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.22.1 – 2.22.4) in jou ANTWOORDEOEK neer.

| spanning; verlede; optrede; chronologies; reëlmatig; gebeure |
|---|

Die terugflitse in hierdie roman gee vir ons inligting oor Saul se (2.22.1 ... ) en dit help vir ons om sy (2.22.2 ...) as groot man te verstaan. Die terugflitse vind (2.22.3 ...) plaas en dit help om (2.22.4 ...) te skep. (4)

**[35]**

**OF**

## VRAAG 3: OPSTELVRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Hanna het eers nie in haarself geglo nie, maar toe sy later besef het dat sy "fabulous" is, het sy anders oor haarself begin dink.

Skryf 'n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy hierdie stelling motiveer. Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

Verwys na:

- Hanna is nie tevrede met haar voorkoms nie
- Hanna is nie tevrede met haar omstandighede nie
- Hanna wil iemand anders wees
- Hanna kom agter dat sy "fabulous" is
- Hanna voel positief teenoor haarself en haar veranderde lewensomstandighede **[35]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM*** **– Marita van der Vyver**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Die lewe is ŉ verhoog**

Liewe leser, daar het so baie dinge gebeur die afgelope paar dae dat ek amper van Fabienne vergeet het. Die koms van die reën, die koms van die eerste queen, die koms van die tweede queen. Die reën wat nie wil ophou nie. Steeds nie. En my verjaardag, natuurlik.

Maar dis nou nie asof my lewe skielik in ŉ sprokie verander het nie. Ek is steeds vasgekeer in ŉ huis met ŉ lekkende dak op ŉ verlate berg. Al wat ek sien as ek by die venster uitkyk, is die lae wolke bo die huis, die groen bossies rondom die huis, en ŉ rivier van modder waar die voetpaadjie voorheen was. En ek is steeds geïrriteerd deur Margot wat nie rooivleis of koek wil eet nie, nie koffie of tee of enigiets behalwe kookwater wil drink nie, en aanmekaar kla oor hoe haar hare lyk. En oor sy nie oefening kry nie.

Vanoggend het sy darem nie weer probeer draf nie. Sy het nog een van haar glimmende eenstukpakke aangetrek, dié keer skokpienk met turkoois strepe, en ŉ aërobiese klas op die sitkamervloer begin gee. Op die oomblik dawer die musiek van een of ander techno-groep deur die luidsprekers van haar draagbare CD-speler terwyl sy op en af hop voor drie hygende volgelinge: Sharon, Tibo en Amos.

4.1 Wie is die "ek" in reël 2? (1)

4.2 Verduidelik in EEN goeie sin wie Fabienne was. (1)

4.3 Noem TWEE redes hoekom Margot ŉ "queen" genoem is. (2)

4.4 Beskryf in VYF volsinne die huis en die omgewing waarin die gesin vakansie gehou het. (5)

4.5 Kies die karakter(s) uit KOLOM B wat pas by die geskenk in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer (4.5.1 – 4.5.4) en die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.5.1 grimeerstelletjie | A Gavin |
| 4.5.2 grys oortrektrui | B Mana |
| 4.5.3 sjokolade | C Margot |
| 4.5.4 lekkerruikgoed | D boeties |
| | E Sharon |

(4)

4.6 Hanna het haar gesin tydens die vakansie beter leer ken en wou nie meer so graag iemand anders wees nie.

4.6.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.6.1 met ŉ sinsdeel wat jy uit die uittreksel aanhaal. (1)

4.7 Die tweede *queen* waarna die uittreksel verwys, is Hanna se babasussie wat onverwags gebore is.

4.7.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.7.1. (1)

4.8 Hanna vier haar verjaardag saam met haar uitgebreide gesin en haar biologiese pa.

4.8.1 Hoeveel van Hanna se vorige verjaardae het haar biologiese pa bygewoon? (1)

4.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.8.1 in EEN volsin. (1)

4.9 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (4.9) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Die reënweer is funksioneel tydens die vakansie omdat ...

A Margot van oefeninge kon vergeet.
B Hanna vir die eerste keer Sharon se pa ontmoet het.
C Tibo die geleentheid gekry het om ŉ Amerikaanse aktrise te ontmoet.
D die gesin gedwing is om mekaar beter te leer ken. (1)

4.10 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (4.10) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Aan die begin van die verhaal noem Hanna die berg Bitterberg in plaas van Botterberg. Dit is omdat sy ...

A nie die naam reg gehoor het nie.
B bittermin van die vakansieplek geweet het.
C geweet het dat sy en haar broers net in die pad sou wees.
D gedink het dat dit ŉ baie onaangename vakansie sou wees. (1)

4.11 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (4.11) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Manna het nie aan die aërobiese oefeninge deelgeneem nie omdat sy ...

A na Gavin se motor gaan soek het.
B nie die harde musiek kon verdra nie.
C besig was om te skets.
D dorp toe was om vir die gesin kos te gaan koop. (1)

4.12 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik van die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.12.1 – 4.12.4) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| Yann; Gavin; donker; lig; Margot; Sharon; trui; rok |
|---|

Later daardie aand het (4.12.1 ...) vir Hanna onder hande geneem en haar gegrimeer. Hanna het gesoebat dat die grimering nie (4.12.2 ...) moes wees nie, want sy wou nie soos iemand anders gelyk het nie. Later was Hanna verbaas toe sy haarself in die spieël gesien het. Sy het haar nuwe (4.12.3 ...) aangetrek en selfs (4.12.4 ...) het gesê dat die grimering ŉ verskil gemaak het. (4)

4.13 Hoekom is die titel van hierdie hoofstuk "*Die lewe is ŉ verhoog"*? (1)

4.14 Waarom was Tibo een van Margot se "volgelinge"? (1)

4.15 Dink jy Hanna se houding in die uittreksel teenoor Margot was reg? Motiveer jou antwoord. (1)

4.16 Was Mana en Beyers se plan om die gesin saam op wittebrood te neem, ŉ sukses? Motiveer jou antwoord. (1)

4.17 Hoekom het die skrywer die woord "steeds" in reël 4 en reël 7 van die uittreksel herhaal? (1)

4.18 Hoekom het die skrywer "dawer" (reël 17) in plaas van "hard speel" in die uittreksel gebruik? (1)

4.19 Noem EEN positiewe rol wat Gavin tydens die vakansie op die berg gespeel het. (1)

4.20 Hoekom het Margot haar naam van Maria Gertruida Johanna na Margot verander? (1)

4.21 Waarom het Hanna sulke avonture geskep? (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 5: OPSTELVRAAG

### *MEEULANDERS* – Esta Steyn

In *Meeulanders* leer ons die DRIE families van Salamanderbaai en hulle probleme ken.

Skryf ’n OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy hierdie stelling bespreek. Jou opstel moet ’n goeie inleiding en slot hê.

Verwys na:

- Die Langhans-familie
- Die Blanckenbergs
- Die Bindemans **[35]**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

### *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die volgende uittreksel uit Ryna se dagboek en beantwoord die vrae wat daarop volg.

MEEULAND. DONDERDAG, 13 AUGUSTUS 1981

*Die dae is mooi, amper soos lente. Werk elke dag aan die Amerikaner se duikers. Die malgasse is aan die kom. Hier het gister ’n skool klein vissies verbygekom en derduisende voëls het op hulle toegesak, wat ’n gesig! Die Meeuw het vanoggend ingekom met baie voorraad, die drie-maand-order ook. Attie het ’n klomp harders met die net gevang en opgeryg om te droog, vir Mac en Skipper ook ’n klomp gestuur. Brief van Prof om my heraanstelling te bevestig, begin Oktober. As ek nou aan die Instituut dink, dan voel dit vaag, onwerklik. Die wildevy het ’n volwaardige boompie geword.*

MEEULAND. DONDERDAGMIDDAG, 10 SEPTEMBER 1981

*Baie foto’s geneem – die jettie, Jannerik, Flip-Flap, die graffie.*

*Ek en Janka gaan môre wal toe vir twaalf dae. Klaar haar goedjies ingepak. Sy gaan by Elsabet bly, sy was nie laas maand daar nie. Ek gaan na ant Hansie-hulle toe. Die bekendstelling van die boek is volgende Saterdag, die 19de op Stellenbosch. Prof gaan ook daar wees. En ek moet Kaap toe gaan om verblyf te gaan soek. Dan sal ek terugkom en kom inpak.*

*Drie jaar voel nou soos ’n enkele gedagte. Ek het gekom met een koffer en ’n boks vol boeke en ’n tikmasjien. Ek gaan terug met soveel wonders. Ek het na die voëls van die hemel gekyk en gesien hoe God sorg. Ek het na die aandstiltes geluister en gehoor hoe Hy in die ruising daarvan asemhaal. Ek het begin insien dat daar ’n almagtige geordende ewewig in die natuur heers: vir elke winter, ’n somer; vir elke wolk, ’n stukkie son; vir elke storm, ’n stilte; vir elke wegvlug, ’n tuiskoms. Die balans daarvan*

Kopiereg voorbehou

*is in ragfyn ritmes ingeweef, té groot en onbegryplik vir my verstand; al wat ek daarvan kan aflei, is dat daar vir elke moment van pyn 'n moment van vreugde is. Vir elke verwonding, weer genesing.*

*As ek Camilla gebly het, sou ek dit nooit besef het nie.*

6.1 Waarmee was Ryna besig toe sy in haar dagboek skryf dat sy *aan die Amerikaner se duikers werk*? (1)

6.2 Attie was die kaptein van Meeuland.

6.2.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

6.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.2.1 deur na familiebande te verwys. (1)

6.3 *"Vir elke verwonding, weer genesing"* (reël 26).

Watter genesing het Ryna op Meeuland gevind? (1)

6.4 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (6.4) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Toe Ryna op Meeuland gesit en dink het aan die Instituut, was dit vaag en onwerklik omdat ...

A sy gedink het sy sou nooit weer daarheen teruggaan nie.
B sy gesukkel het om haar verlede te verwerk.
C haar hart toe reeds aan Meeuland behoort het.
D sy gesukkel het om dinge uit haar verlede te onthou. (1)

6.5 Bome het simboliese waarde in hierdie roman.

6.5.1 Hoekom moes 'n mens, volgens Ousanna, 'n boom plant wanneer jy pyn het? (1)

6.5.2 Wie se idee was dit om 'n wildevyeboom op Meeuland te plant? (1)

6.5.3 Wat sal 'n mens, volgens Jannerik, sien soos die wildevyeboom groei? (1)

6.5.4 Waarom wou Ryna heel aan die begin van die roman graag 'n wildevyeboom met groot takke gehad het? (1)

6.5.5 Watter simboliese betekenis sien ons in die insident waar Janka na haar ma se dood in die wildevyeboom gaan wegkruip het? (1)

Kopiereg voorbehou 

6.6 Kies die woorde uit KOLOM B wat pas by die onderwerpe in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer (6.6.1 – 6.6.5) en die letter (A – E) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.6.1 Die jettie | A Kusvoëls: ŉ verbyvlug |
| 6.6.2 Die boek | B het die eerste aand vir Ryna op Meeuland gaan "kuier" |
| 6.6.3 Die graffie | C laat Ryna aan Attie dink |
| 6.6.4 Jannerik | D laat Ryna dadelik tuis voel |
| 6.6.5 Flip Flap | E deel van die geheim rondom Janka |

(5)

6.7 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.7.1 – 6.7.2) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| guano-eiland; plekkie van God; eilandtronk |
|---|

Vir Elsabet was Meeuland ŉ (6.7.1 ...), maar Ryna het geglo dit was ŉ (6.7.2 ...). (2)

6.8 Toe Ryna Meeuland die eerste keer gesien het, was haar woorde:

*"Drie jaar op Meeuland! ŉ Ewigheid! Hoe sal ek drie jaar hier kan uithou*?"

Later skryf sy in haar dagboek: "*Drie jaar voel nou soos ŉ enkele gedagte."*

6.8.1 Gee TWEE redes waarom Ryna aan die begin so negatief teenoor Meeuland gevoel het. (2)

6.8.2 Wat het Ryna bedoel toe sy sê die drie jaar voel soos ŉ "gedagte"? (1)

6.9 Rangskik die volgende gebeure in die KORREKTE volgorde. Skryf slegs die vraagnommer (6.9) en die letters (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

A Ryna se boek is bekend gestel.
B Ryna het tydelik in The Green Shadows gaan bly.
C Ryna het Ousanna se huis gekoop.
D Ryna het op Salamanderbaai gaan skoolhou. (4)

6.10 Hoe het Ryna se woorde dat daar vir elke wolk ŉ stukkie son is, vir Janka waar geword? (1)

6.11 Hoe het Ryna se woorde dat daar vir elke moment van pyn ŉ moment van vreugde is, vir Jannerik waar geword? (1)

6.12 Motiveer waarom Jacob met Ryna kan saamstem dat daar vir elke verwonding weer genesing kom. (1)

6.13 Gee TWEE redes waarom die lewe op Meeuland nooit kon los staan van die gebeure op Salmanderbaai nie. (2)

6.14 Prof Van Keulen sê dat daar terapie in tyd en heil in arbeid is. Sê in watter opsig hierdie woorde vir Ryna ŉ waardevolle lewensles was. (1)

6.15 Toe Ryna by haar huis kom, was dit aan die brand.

Skryf ŉ paragraaf (50 – 60 woorde) waarin jy dié brand en die moontlike oorsake en gevolge daarvan beskryf. (5)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**OF**

## AFDELING B: DRAMA

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG**

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***POPPIE DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Nadat Jakkie vir ŉ week in die selle opgesluit was, het hy vir Poppie gesê: "Jail toe gaan totdat die poeliestasie so vol is dat hulle die hele lokasie ŉ jail moet maak. Dan's ons almal saam in die jail, Mama. Cause why, we're waiting to die!"

Skryf ŉ OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy vertel wat daarna gebeur het dat Poppie met hom saamgestem het.

Verwys na:

- Jakkie lei die kinders van die lokasie
- Die houding van die kinders teenoor die volwassenes
- Jakkie verdwyn
- Poppie se kinders word deel van die stryd
- Poppie stem saam met Jakkie **[35]**

**OF**

### VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***POPPIE DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> HOEDJIE. Dit was daai tyd dat Poppie se mama van De Aar gekom het waar sy by witmense gewerk het om eers by Ouma te kom rus.
>
> PLANK. Sy het vir Ouma vertel dat die pa van haar kinders in die oorlog afgedood het.
>
> MAMA. Maar hy was tog nooit ŉ pa vir my kinders gewees nie – Vir hom het ek nie eers trane nie. Kom, Poppie.
>
> MOSIE. Poppie is daarna saam met ma Lena na Lambertsbaai toe waar ma Lena werk gekry het by die visfabriek. *(Hy kyk om te sien of Poppie nie hoor nie – sy word altyd kwaad as daar van Mbatane gepraat word!)* Daar het sy ŉ nuwe pa gekry!

8.1 By wie het Poppie en haar broers gebly toe ma Lena op De Aar gewerk het? (1)

8.2 Gee TWEE bewyse dat Poppie se verhouding met haar tweede pa, Mbatane, nie goed was nie. (2)

8.3 Nadat Poppie Lambertsbaai toe is, het sy nooit weer 'n kinderlewe gehad nie.

8.3.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

8.3.2 Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 8.3.1. (1)

8.4 Kies die sin uit KOLOM B wat pas by die sin in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer (8.4.1 – 8.4.3) en die letter (A – E) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 8.4.1 Stone kry werk as 'n boilerman in die visfabriek waar Poppie ook werk. | A Poppie sit met 'n mooi gesig, kyk nie rond en lag nie, maar luister na wat almal sê. |
| 8.4.2 Stone en Poppie trou die Woensdag by Lena se huis. | B Mosie-hulle was eers nie tevrede dat Poppie met iemand uit die Ciskei trou nie. |
| 8.4.3 Die troue verskuif na die skoonouers se huis. | C Poppie en Stone praat nie met mekaar nie, maar hulle skryf briefies vir mekaar. |
| | D Poppie noem Stone nou uit respek Bhuti-ka-nombi. |
| | E Die familie sê vir die nuwe man en vrou hoe hulle moet saamlewe en hoe om hulle te gedra. |

(3)

8.5 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (8.5.1 – 8.5.3) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| suurpap; Lambertsbaai; mielies; baie berge; koring; Nyanga; berghutte; Upington |

Toe Stone vakansie gekry het, het hy en Poppie by sy pa en ma op Herschel gaan kuier. Die (8.5.1 ...) was vir Poppie die vreemdste. Toe hulle by Poppie se skoonouers aangekom het, was almal daar. Sy het tydens haar kuier die lang proses geleer van hoe die Xhosa-mense (8.5.2 ...) maak. Toe Poppie se eerste baba gebore moes word, is sy en Stone terug (8.5.3 ...) toe.

(3)

8.6 Rangskik die volgende gebeure in Poppie se lewe in die KORREKTE volgorde. Skryf slegs die vraagnommer (8.6) en die letters (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

- A Mbatane kry 'n erf in Elsiesrivier en hy bou 'n tweekamerhuis waar hulle almal intrek.
- B 'n Jaar later besluit Poppie sy verlang na haar mama en broers en sy laat Stone agter.
- C As gevolg van die wet trek Lena en Mbatane en Poppie se drie broers Nyanga toe.
- D Tata-ka-Bonsile los na 'n paar maande se alleenbly sy werk in Lambertsbaai en kom trek by Lena-hulle in. (4)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> STONE. Ek gaan saam met haar terug. Eers met die bus van Nyanga na Claremont, dan met die trein na Wynberg, dan met die bus na Constansie. Ons wag ieder keer lank, maar dit gee ons kans om te praat met mekaar, soos ons nie by die huis kon praat nie. *(Aan Poppie.)* Jy moet nou stilbly. Ek het my permit gekry.
>
> POPPIE. Hoe't jy dit gekry?
>
> STONE. Ek het kontrak gevat.

8.7 Skryf 'n paragraaf (omtrent 50 – 60 woorde) oor Poppie se reaksie op Stone se kontrakwerk. (5)

8.8 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (8.8) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Nadat Stone vir hulle 'n huis gebou het, kom die nuwe wet wat sê die papiere moet weg en ...

- A werkers sal maandeliks 'n verlenging moet kry.
- B die vrouens moet teruggaan tuislande toe.
- C dit sal met tydelike permitte vervang word.
- D die vrouens moet pasboekies dra. (1)

8.9 Oor watter probleem het die grootmense gestaak en optogte gehou? (1)

8.10 Waarom sê Poppie vir die pasbeampte dat sy en haar vyf kinders nie in die Transkei by haar skoonouers kan gaan bly nie? (1)

8.11 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (8.11) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Toe Poppie in Mdantsane aangekom het, het ...

- A sy baie tuis in die nuwe plek gevoel.
- B sy onmiddellik van die omgewing gehou.
- C sy gevoel sy is nou weggegooi.
- D sy baie opgewonde gevoel. (1)

8.12 Mnr. Swanepoel het dit reggekry om Poppie se pas te laat regmaak.

8.12.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

8.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.12.1. (1)

8.13 Dink jy dit was reg van die kinders om oorlog te maak teen die sjebeens? Motiveer jou antwoord. (1)

8.14 Wie het die stryd teen die wet by Poppie oorgeneem? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> MOSIE. Boss, as ek kry wat ek moet kry, hierso, gaan ek nie bang wees om te staan op die border met jou same nie. As hulle net vir my kans gee hierso, boss, as ek net regte kan kry soos enigiemand anders, as die oubaas sê O.K. ek sal jou regte vir jou gee, dan sê ek O.K. ek gaan môre border toe ...

8.15 Wat is Mosie se opinie oor sy posisie in die land? (1)

8.16 Jy moet ŉ huldeblyk vir Poppie se begrafnis skryf. Watter DRIE eienskappe van Poppie sal jy uitlig in die huldeblyk? Skryf jou antwoord in DRIE VOLSINNE neer. (3)

8.17 Is Nkosi' Sikelel' iAfrika ŉ gepaste lied om in hierdie drama te gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)

8.18 Dink jy hierdie drama help jou om ons land se geskiedenis beter te verstaan? Motiveer jou antwoord. (1)

8.19 Sê in EEN sin in jou eie woorde wat Poppie se vraag aan die einde van die drama, "En wie kan uit hulle pad neem dit waarvoor hulle gebore is?" beteken. (1)
**[35]**

**OF**

## VRAAG 9: OPSTELVRAAG

### *PALJAS* – Chris Barnard

Die dag toe ŉ sirkustrein by die stasie ingestoom het, het alles vir Hendrik en sy gesin begin verander.

Skryf ŉ OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy van hierdie verandering vertel. Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê.

Verwys na:

- Die gesin se probleme voor die koms van die trein
- Die rol van die nar in Willem se lewe
- Die verandering by Katrien en Emma
- Die verandering by Hendrik as hoof van die gesin **[35]**

**OF**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

### *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Hendrik en die twee kinders sit by die kombuistafel brood en konfyt en eet. Hendrik in sy spoorweguniform. Katrien staan en vadoeke uitspoel. Die twee kinders lyk nog nie heeltemal wakker nie. Hendrik sit vir klein Willem en kyk, heeltyd terwyl hy eet: openlik en benieud, soos mens vir iets kyk waaroor jy nuuskierig is maar wat jy nie verstaan nie. Die kind is of onbewus daarvan of gewoond daaraan.
>
> Katrien staan met haar rug na hulle toe en werk. Sy het oë in haar agterkop.
>
> KATRIEN: Hendrik, los die kind. *(Hy hoor nie; of wil nie hoor nie: hy sit nog steeds en staar.)* ... Hendrik!
> HENDRIK: Wat maak ek?
> KATRIEN: Los hom net.
>
> Die hele gesprek vind plaas sonder dat Katrien een keer omkyk. Maar op haar gesig is iets soos pyn of dalk frustrasie.

10.1 Wat is hierdie gesin se van? (1)

10.2 Watter antwoord voltooi die sin KORREK? Skryf slegs die vraagnommer (10.2) en die korrekte letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Willem kon nie praat nie, want ...

A hy is stom gebore.
B sy tong is afgesny.
C hy ly aan ŉ angstoestand.
D sy ouers praat te min in die huis. (1)

10.3 Waarom, dink jy, het Katrien "iets soos pyn of dalk frustrasie" (reël 15 en 16) op haar gesig? (1)

10.4 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (10.4.1 – 10.4.3) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| beskermend; betower; kommunikeer; eensaam; frustreer |
|---|

Hierdie toneel aan die begin van die drama vertel reeds vir ons hoe sleg die gesin met mekaar (10.4.1 ...). Elkeen van die gesinslede is besig met sy/haar eie aktiwiteit. Eers wanneer ons die drama verder lees, verstaan ons die pyn of dalk frustrasie (reël 15 en 16) op Katrien se gesig.

Sy voel baie (10.4.2 ...) waar hulle as gesin woon. In hierdie uittreksel tree Katrien duidelik baie (10.4.3 ...) teenoor Willem op. (3)

10.5 Rangskik die volgende gebeure aan die begin van die drama in die KORREKTE volgorde. Skryf slegs die vraagnommer (10.5) en die letters (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

A Emma en haar pa baklei laataand oor Nollie.
B Die gesin hoor ŉ leeu brul.
C Emma sê sy gaan nooit trou nie.
D Die leser kom agter Willem kan nie praat nie. (4)

10.6 As Katrien beskryf word met "oë in haar agterkop", beteken dit sy weet van dinge sonder om dit te sien.

10.6.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

10.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.6.1 met jou eie afleiding. (1)

10.7 Lees weer die skuinsgedrukte woorde in reël 10 en 11.

10.7.1 Hoekom word die naam "Hendrik" herhaal? (1)

10.7.2 Met watter probleem sukkel die gesin? (1)

10.8 Wat lei jy uit die atmosfeer aan die ontbyttafel af? (1)

10.9 Die tweede oggend van die drama begin net so gewoon en vervelig soos die eerste oggend in die uittreksel.

10.9.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

10.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.9.1 met ŉ rede uit die verhaal. (1)

10.10 Watter antwoord voltooi die sin KORREK? Skryf slegs die vraagnommer (10.10) en die korrekte letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Toe die sirkuskombi ŉ paar dae later wegry en Willem sien dat die sirkustrein weg is, ...

A jaag hy met sy fiets huis toe.
B dink hy dat die nar ook weg is Uniondale toe.
C weet hy dat hy nou die rol van die nar kan speel.
D hoor hy op pad skool toe hoe iemand aanhou fluit. (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

OUDOKTER: Willem, loop wag jy bietjie buitekant. Ek en jou pa praat net gou.
HENDRIK: Gaan Oudokter hom nie bietjie in sy keel kyk of sy pols vat of niks?
OUDOKTER: Vir wat? Hy's mos nie siek nie. *(Die kind gaan uit. Die deur klik toe.)* Dis jou skuld dat daardie kind nie praat nie.
HENDRIK *(effens geïrriteerd):* Ja, dit moes ek seker kon gedink het.
OUDOKTER: Ek het jou laas gesê – dis ŉ angstoestand.

10.11 Wie se skuld is dit, volgens Oudokter, dat Willem nie kan praat nie? (1)

10.12 Skryf ŉ paragraaf (omtrent 50 – 60 woorde) waarin jy vertel wat tussen die nar en Willem in die skuur gebeur het die middag nadat Willem saam met Hendrik by Oudokter was. (4)

10.13 Watter antwoord voltooi die volgende sin KORREK? Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Hendrik sê dit is lekker waar hulle nou bly, want ...

A hy weet Katrien is gelukkig daar.
B die ander mense in die omgewing hou baie van hulle.
C daar's niemand wat Katrien van hom probeer wegvat nie.
D hy verdien genoeg en kan vir Katrien alles koop wat sy wil hê. (1)

Kopiereg voorbehou 

10.14 Toe Emma vroeg die volgende oggend kom sê dat Willem op die divan op die voorstoep lê en slaap, is Hendrik smoorkwaad.

10.14.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

10.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.14.1. (1)

10.15 Kies die sin uit KOLOM B wat pas by die gebeure in KOLOM A.
Skryf slegs die vraagnommer (10.15.1 – 10.15.4) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 10.15.1 | Die honde storm blaffend die skuur in met die polisie agterna. | A | Hendrik dink dat Willem met die helm gebore is. |
| 10.15.2 | Die polisie wys vir Hendrik die tekening teen die skuur se muur en die goed op die tafel. | B | Die nar kom per fiets van die kerk af. |
| 10.15.3 | Hendrik vra vir Willem wie hom leer om te toor en of die dinge in sy drome na hom toe kom. | C | Willem skree benoud. |
| 10.15.4 | Die nar is nie in die skuur of tussen die bloekombome nie. | D | Die goed in die skuur lyk vir die polisie soos duiwelskuns. |
| | | E | Die mense kyk snaaks na Hendrik en Katrien. |

(4)

10.16 Kies enige EEN van die volgende karakters en sê in EEN volsin waarom jy met sy waardes saamstem:

Dominee of nar. (1)

10.17 Sê in EEN sin wat die tema van die drama is. (1)

10.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (10.18) en die korrekte antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Hendrik is ’n (pligsgetroue/lui) werker. (1)

10.19 Waarvan is die trein ’n simbool? (1)

10.20 Misdaad en kindermishandeling is ook probleme in ons land.

Kies EEN van hierdie probleme en sê watter paljas jy graag daarop sal wil sit. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

**OF**

## AFDELING C: KORTVERHALE

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

### VRAAG 11: OPSTELVRAAG

**STORIEJOERNAAL**

***'N BETER LEWE VIR MAMS* – Zulfah Otto-Salie**

Die dag toe Solly ŉ besluit geneem het dat hy nie meer wou sukkel nie, het alles in sy lewe verander.

Skryf ŉ OPSTEL (250 – 300 woorde) waarin jy vertel hoe Solly se dwelm-verkopery sy verhouding met sy ma laat skeefloop het. Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê.

Verwys na:

- Solly en sy ma se verhouding aan die begin van die verhaal
- Die redes waarom hy by die dwelmverkopery betrokke geraak het
- Solly en sy ma wat nie saamgestem het oor sy dwelmverkopery nie
- Die ironie van die gebeure
- Die afloop van die verhaal **[35]**

**OF**

### VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

**STORIEJOERNAAL**

***VIOLETTA* – Ria Smuts**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarna volg.

> Die volgende jaar is ons daar weg. My enigste kontak met die dorp oor die jare was my ou vriendin, Hester. Sy is met ŉ prokureur getroud en hulle het hul daar gevestig. ŉ Paar jaar gelede laat weet sy dat meneer Steyn weg is Namibië toe. Hy het toe nooit bevordering gekry nie, al was hy goed gekwalifiseerd en ŉ knap onderwyser. "Seker maar nie die regte mense geken nie," skryf Hester. "Die baantjies is mos maar vir die boeties."
>
> Verlede jaar skryf sy vir my dat juffrou Adler – al ŉ ruk afgetree – ernstig siek is: " ŉ Bietjie ouer en baie swakker, maar nog steeds ŉ mooi vrou, en haar gees is so helder soos altyd. Sy het nou ŉ voltydse verpleegster en sy kan nie meer veel self doen nie, maar sy bestuur nog haar huishouding met dieselfde presiesheid wat ons geken het. Jy onthou mos: 'Laat ŉ reël oop en trek ŉ netjiese streep.' And she still keeps herself to herself."

> Vanoggend kry ek ŉ groot koevert in die pos. Brief van Hester. Sy skryf: "Juffrou Adler is dood. Stilweg in haar slaap." Ben het die testament hanteer en die koevert waarin dit was vir my gegee. Snaaks hoe dit ŉ mens raak om na al die jare weer haar handskrif te sien. Daarom het ek gedink ek stuur dit vir jou. Eienaardige testament: alles aan liefdadigheid bemaak, maar met die uitdruklike stipulasie dat geen sent hier op ons dorp bestee mag word nie. Sy het selfs die presiese grens bepaal: nie binne ŉ radius van vyftig kilometer, gemeet van die hoërskool af nie."
>
> Die koevert is effens vergeel. Verbeel ek my dat ek viooltjies ruik? Die handskrif is onmiskenbaar hare. In blokletters staan daar: TESTAMENT VAN VIOLETTA ADLER.
>
> Daarna volg ŉ oop spasie.
>
> En daaronder het sy ŉ ferm, netjiese streep getrek. Met ŉ liniaal.

12.1 Meneer Steyn word beskryf as ŉ knap onderwyser en goed gekwalifiseerd.

12.1.1 Watter vak(ke) het hy gegee? (1)

12.1.2 Gee ŉ bewys uit die verhaal dat hy sy bes gedoen het om sy leerders lief te maak vir hierdie vak. (1)

12.1.3 Sê in jou eie woorde wat "(d)ie baantjies is mos vir die boeties" binne die konteks van die uittreksel beteken. (1)

12.2 Skryf ŉ paragraaf (50 – 60 woorde) waarin jy juffrou Adler se persoonlikheid bespreek. (4)

12.3 Wat het die mense op die dorp van juffrou Adler en meneer Steyn gesê? (1)

12.4 Watter TWEE bewyse uit die verhaal het die dorpsmense laat aanhou skinder oor die twee onderwysers? (2)

12.5 Waarom was dit so onregverdig om van juffrou Adler en meneer Steyn te skinder? (1)

12.6 Watter antwoord voltooi die volgende sin KORREK? Skryf slegs die vraagnommer (12.6) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Toe die verteller by haar ma wou weet waarom die mense oor juffrou Adler praat, sê sy dat juffrou Adler ...

A nooit Sondae kerk toe gaan nie.
B gereeld partytjies by haar huis hou.
C waarskynlik niks verkeerds gedoen het nie.
D nie graag die skool se funksies bywoon nie. (1)

12.7 Die opera, *La Traviata*, toon sterk ooreenkomste met juffrou Adler en meneer Steyn se voorname.

12.7.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

12.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.7.1. (1)

12.8 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woord(e) in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (12.8.1 – 12.8.3) en die antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| helderkleurige; donker; Engelse; Oosterse; goedkoop |
|---|

Saterdagoggende het die verteller musieklesse by juffrou Adler gehad. Die kamer waarin sy en die verteller was, het (12.8.1 ...) gordyne en ŉ (12.8.2 ...) mat gehad. Dis so anders as meneer Steyn se voorkamer wat baie (12.8.3 ...) was. (3)

12.9 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (12.9) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Juffrou Adler verskil van die dorpsmense ten opsigte van ...

A hoe sy Afrikaans praat.
B hoe haar huis van buite lyk.
C hoe sy elke jaar Kersfees vier.
D die blomme wat sy in haar tuin plant. (1)

12.10 Rangskik die volgende gebeure in hierdie verhaal in die KORREKTE volgorde. Skryf slegs die vraagnommer (12.10) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

A Die musiekwaarderingsles eindig in chaos.
B Die verteller en haar gesin verlaat die dorp.
C Die seuns speel ŉ liedjie oor ŉ luidspreker.
D Skoolkinders bind rooi papierlinte aan die twee onderwysers se motors vas. (4)

Kopiereg voorbehou 

12.11 Kies die karakter uit KOLOM B om by die stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (12.11.1 – 12.11.4) en die letter (A – F) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 12.11.1 Die mense sê ook hy is polities links. | A Gertruida Steyn |
| 12.11.2 Dis vir haar moeilik om haar kop hoog te hou. | B Meneer Nel |
| 12.11.3 Die wiskunde-onderwyser. | C Verteller se pa |
| 12.11.4 Hy is een van die mense wat met die onderwysers spot. | D Meneer Steyn |
| | E Bok Brandt |
| | F Juffrou Adler |

(4)

12.12 Verduidelik waarom Hester nou juis die koevert vir die verteller gestuur het. (1)

12.13 Hester noem die testament "*eienaardig*", met ander woorde, sy kan nie verstaan waarom juffrou Adler so kon besluit nie.

12.13.1 Hoekom kan ons van Hester verskil? (1)

12.13.2 Wat sou jy met jou testament gedoen het as jy juffrou Adler was? (1)

12.13.3 Dink jy die dorpie kon voordeel trek uit juffrou Adler se testament as hulle haar nie so sleg behandel het nie? Motiveer jou antwoord. (1)

12.14 Toe die musiekonderwyser die storie van die opera, *La Traviata*, vertel het, was juffrou Adler baie kwaad.

12.14.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

12.14.2 Motiveer jou antwoord. (1)

12.15 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Die verteller in hierdie verhaal is 'n ...

A ek-verteller.
B klein dogtertjie.
C alomteenwoordige verteller.
D volwasse spreker wat terugdink aan haar jeugjare. (1)

12.16 "And she still keeps herself to herself."

Waarom, dink jy, het juffrou Adler só opgetree/haar eenkant gehou? (1)

12.17 Watter ander moontlike betekenis kan die laaste reël van die uittreksel (reël 28) ten opsigte van juffrou Adler se besluit/testament hê? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**OF**

## AFDELING D: GEDIGTE

**BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE GEDIGTE.**

**VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG**

***VERSJOERNAAL***

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**So long Skipskop – David Kramer**

Pak op pak op
sit jou goedjies op jou kop
môre gaan ons weg
ver van hier weg
Skipskop Skipskop
wanneer hou die dinge op
swaarkry lê net voor
die blou berge oor

Overberg se mens is ek gebore
op die plek Skipskop
nes my pa en sy pa ook
hier deur die duine loop onse spore
hier op die beach hier langs die see

is ek gedoop
Wat ken ek anders as die bloudam se branders
die wolke en die winde wat hier waai
Verkoop jou bootjie

pak op jou goedjies
sê ma So long Skipskop Skipskop

sê goodbye
Linkerhand regterhand watsekant
lê die plek Misverstand
Asseblief meneer sê tog weer
is dit die pad wat ons moet môre vat

ʼn Stukkie hier ʼn stukkie daar
stukkies van my lewe lê nou deurmekaar
tel op tel op vir Shorty en vir Pop
gaan haal vir Apie en hou daai kindjie dop

Wat ken ek anders as die bloudam se branders
die wolke en die winde wat hier waai
Verkoop jou bootjie
pak op jou goedjies
sê ma So long Skipskop Skipskop
sê goodbye
sê ma So long Skipskop Skipskop
sê goodbye

13.1 Uit watter dorpie moet die mense wegtrek? (½)

13.2 Haal die woord uit die gedig aan wat aandui in watter deel van ons land hierdie dorpie geleë is. (1)

13.3 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (13.3) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Die gebruik van die verkleinwoord "goedjies" (reël 2) ...

A is 'n aanduiding van sarkasme deur die spreker.
B beteken hulle het nie veel besit nie.
C dui daarop dat hulle vinnig moes pak en padgee.
D dui daarop dat die spreker neersien op dit wat die mense besit. (1)

13.4 Die spreker kan hom maklik losmaak van die plek waar hy woon.

13.4.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

13.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 13.4.1 uit strofe 2. (1)

13.5 Kies die beskrywing uit KOLOM B om by die aanhaling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (13.5.1 – 13.5.3) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 13.5.1 | "Linkerhand regterhand watsekant ..." (reël 21) | A | spreker aanvaar die verskuiwing |
| | | B | spreker voel baie hartseer |
| 13.5.2 | "sê ma so long Skipskop ..." (reëls 19, 33, 35) | C | spreker voel onseker |
| 13.5.3 | "stukkies van my lewe lê nou deurmekaar ..." (reël 26) | D | spreker voel kwaad |

(3)

13.6 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (13.6.1 – 13.6.2) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| paarrym; binnerym; refrein; repetisie |
|---|

In reël 15 kry ons 'n voorbeeld van (13.6.1 ...) omdat ***anders*** en ***branders*** met mekaar rym. Die herhaling van reëls 15 – 19 in strofe 3 en reëls 29 – 33 in strofe 6, noem ons 'n (13.6.2 ...). (2)

13.7 "Wat ken ek anders as die bloudam se branders"

13.7.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (13.7.1) en die antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Die woord "bloudam" is 'n voorbeeld van (vergelyking/metafoor/ personifikasie). (1)

13.7.2 Waarna verwys die spreker met die woord "bloudam" (reël 15)? (1)

13.7.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (13.7.3) en die antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Die spreker gebruik juis die woord "bloudam" in hierdie gedig om (in te pas by die ritme/die kleur van die water te beklemtoon). (1)

13.8 Waarom gebruik die spreker Engelse woorde soos "beach" en "so long" in die gedig? (1)

13.9 Watter stemming skep die vrae in die gedig? (1)

13.10 Rangskik die versreëls in die VOLGORDE soos wat dit werklik gebeur het. Skryf slegs die vraagnommer (3.10) en daarna die letters (A – C) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

A Verkoop bootjie
B Hier deur die duine loop ons spore
C Sê ma so long Skipskop (3)

**[17½]**

**OF**

## VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

### *VERSJOERNAAL*

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**’n klein beriggie – Vincent Oliphant**

op ’n dag het hy sy werk verloor
en toe jy weer hoor
kom vat hulle sy motors meubels huis
hulle het alles kom eis
ook sy laaste bietjie hoop

maar hy’t sy skoene deurgeloop
en hom teen mismoed verset
hy wéét mos wat hy in hom het

toe kom die laaste strooi
hy kry haar in ’n ander man se kooi

nou wil ek sy verhaal voltooi
anders bly ’n storie van ons tyd verbloem
agter dit wat ’n klein beriggie noem

dat hy dood gekry is in sy eie bloed
geen misdaad word vermoed

14.1 Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde aan om te sê wat met die man in reël 1 gebeur het. (½)

14.2 Watter reël in strofe 1 sê vir ons dat die man al sy besittings verloor het? (1)

14.3 Watter woord in strofe 2 beteken dieselfde as “moedeloosheid”? (1)

14.4 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (14.4) en die antwoord (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Die gebruik van die lang vokale dra by tot die ...

A hoogtepunt van die gedig.
B neutrale stemming in die gedig.
C ontwikkeling in die gedig.
D hartseer stemming in die gedig. (1)

14.5 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (14.5.1 – 14.5.2) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| kruisrym; kwatryn; tersine; paarrym; koeplet; omarmende rym |
|---|

Strofe 3 noem ons 'n (14.5.1 ...) omdat dit uit net 2 reëls bestaan. Die rymskema in hierdie strofe noem ons (14.5.2 ...). (2)

14.6 Die titel van hierdie gedig is " 'n klein beriggie".

14.6.1 Waar word sulke beriggies gewoonlik gepubliseer? (1)

14.6.2 Watter deel van die gedig bevat die inhoud van die beriggie? (1)

14.6.3 Waarom is die verkleinwoord "beriggie" in hierdie gedig ironies ? (2)

14.7 Pas die sin uit KOLOM B by die omskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer (14.7.1 – 14.7.3) en die korrekte letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 14.7.1 Die alliterasie in reël 8 | A Dit beskryf die man se emosies eenvoudig. |
| 14.7.2 Die gebruik van kleinletters in die gedig | B Dit maak die gedig universeel. |
| 14.7.3 Die man se naam word nie genoem nie. | C Dit beklemtoon die bietjie respek wat hy oor het. |
| | D Dit beklemtoon dat dit 'n klein/onbelangrike beriggie is. |

(3)

14.8 Dink aan die hoofkarakter in hierdie gedig.

14.8.1 Watter reël sê vir ons dat die man weer werk gaan soek het? (1)

14.8.2 Watter karaktereienskap van die man het hom gehelp om nie maklik moed op te gee nie? (1)

14.8.3 Wat het gebeur om hierdie man se moed finaal te breek? (1)

14.9 Dink jy selfmoord was die beste oplossing vir die man? Motiveer jou antwoord. (1)

14.10 Wat het hierdie gedig vir jou geleer oor die gevolge van werkloosheid? (1)
**[17½]**

**OF**

## VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

***VERSJOERNAAL***

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Life vannie jobless – Magmoed Martin**

Ek sê, my bra, ken djy die agony vannie jobless,
van application forms en briewe en even wasted phone calls,
van jou skoene stukken loep en van rejection
en van trainfare wat nieman gaan replacie

En ken djy die pyn van virrie kinners sê daar issie,
van kostafels sonner kos en lawyerlette's wat ophoep,
van water wattie melk innie baby-borrel replace
en van skel oor geld wat nêrens te vind issie.

Ja, my bra, soe issie life vannie jobless:
een van great depression en rejection,
ʼn life van alienation en degradation –
daai issie life vannie jobless.

Ken djy hoerrit voel as djy moet loaf,
van oppie grond slaap sonner komberse,
van overcrowding sonder lektriek
en van innie gel'gatte se rubbish soek vir kos.

En ken djy hoerrit voel as die laities hul respek verloor
vir ouers wat van wyn ʼn afgod maak,
van buttons wat common use word innie join',
en vannie stelery wan God het ôs desert.

Ja, my bra, nou daai issie life vannie jobless.

15.1 15.1.1 Wie is die spreker in die gedig? (½)

15.1.2 Met wie praat die spreker as hy die woord "bra" gebruik? (1)

15.2 Haal TWEE bewyse uit strofe 1 aan wat daarop dui dat die spreker gesoek het na werk. (2)

15.3 Wie, dink jy, "skel" (reël 8) omdat daar geen geld is nie? (1)

15.4 Watter woord in strofe 3 dui aan dat werklose mense soms alleen of eensaam voel? (1)

15.5 Haal ʼn voorbeeld van assonansie uit strofe 4 aan en onderstreep die klanke. (1)

15.6 Voltooi die volgende sin deur net EEN WOORD in te vul. Skryf slegs die vraagnommer (15.6) en die woord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Reël 19 verwys na ... in die gemeenskap. (1)

15.7 Die spreker se geloof in God is nog baie sterk.

15.7.1 Dui aan of die stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

15.7.2 Motiveer jou antwoord deur ŉ gedeelte van ŉ sin uit die gedig aan te haal. (1)

15.8 Hoe word werklose mense, volgens strofe 5, gedwing om aan die lewe te bly? (1)

15.9 Dink jy hierdie gedig sou dieselfde impak gehad het indien dit in Standaard-Afrikaans geskryf was? Motiveer jou antwoord in EEN sin. (1)

15.10 Rangskik die gebeure in hierdie gedig in die KORREKTE volgorde. Skryf slegs die vraagnommer (15.10) en die letters (A – C) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

A Die kinders verloor hulle respek vir hulle ouers.
B Die spreker doen sy bes om werk te kry.
C Die spreker (begin) bedel. (3)

15.11 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (15.11) en die antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

ŉ Algemene sosiale probleem wat die gedig reeds in die titel aanspreek, is (drankmisbruik/werkloosheid). (1)

15.12 Wat, dink jy, kan mense soos die spreker doen om hulle situasie te verbeter? Skryf jou antwoord in EEN SIN in jou ANTWOORDEBOEK neer. (1)

15.13 Mense dink drank en dwelms kan hulle help om van hulle probleme te vergeet. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. (1)
**[17½]**

**OF**

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

## VERSJOERNAAL

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Vrou langs die pad – Louis Esterhuizen**

Jou lyf lê bruin soos kardoes
langs die tref-en-trap van die pad
en grassaad poeier tot stof
hier waar jy slaap
jou laaste slaap
Jou rok rafel nog om jou bene
asof jy steeds aanstryk na die halte
maar langs jou jaag ’n bloedstroom weg
tussen klip
en teer, lê jou hand onbekend en vaal
langs die flenters van jou sak
Jou kinders by Vlottenburg se krothuisies
sal wag vir jou,
hul stemme sal tussen die speel deur soek
na die smal pad wat dorp toe krul
daar waar jy kos en klere wou gaan kry
Op jou tuiskoms sal hulle wag, op die krom
aansukkel met pakkies onder die arm
die veraf roep, die naderstorm, uitbundig
die neergooi, die arms, die jubel
van jou terugkeer
Die tweevertrekhuisie se skewe deur
sal jou roep en jou man sal geduldig sy pyp
weer stop: Uur na uur oor die vallei heen
tuur
na waar die laatmiddagson die bergrant
kleur.  En spoedig sal die son weer vuurmaak
oor die bulte, die sap rooi
in die druifkorrels in
suig, weldra sal die plaaswerkers
die trosse onder blare uit na vore bring
en jou kinders
sal ’n ander speletjie speel
hul stemme sal klink deur die strate deur
die sagte môre teen
en almal sal weer lag en lewe
al is jy heen, hier waar jy lê langs die pad
bruin soos ’n kardoes met jou handsak
aan flarde, wyd verstrooi deur son en reën.
En jy?

Hier waar jy lê, sal hulle ’n houtkruis plant,
sal grassaad soms nog buig, sal skape wei.

16.1 Waar het die spreker die vrou sien lê? (½)

16.2 Waar het hierdie gebeure heel moontlik plaasgevind? (1)

16.3 Watter woord (reëls 1 – 5) dui moontlik daarop dat die vrou dood is? (1)

16.4 Watter VIER AGTEREENVOLGENDE WOORDE sê vir ons dat die vrou baie gebloei het? (1)

16.5 Voltooi die volgende stelling met die KORREKTE woord. Skryf slegs die vraagnommer (16.5) en die antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Tydens hierdie ongeluk is die vrou doodgery en toe het die bestuurder ... . (1)

16.6 Watter ander woord in die gedig behalwe "flenters" (reël 11), beskryf hoe die vrou se handsak gelyk het? (1)

16.7 Voltooi die volgende sin. Skryf slegs die vraagnommer (16.7) en die woord(e) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

Die digter gebruik die woord "krul" (reël 15) om te sê dat die pad dorp toe vol ... was. (1)

16.8 Voltooi die volgende sin. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (16.8.1 – 16.8.2) en die antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| druiwe; kos; skoene; swaar; lig; maklik |

Die vrou het dorp toe gegaan om (16.8.1 ...) te gaan koop. Op pad huis toe het sy (16.8.2 ...) aan die pakkies gedra. (2)

16.9 Die kinders was altyd baie bly as hul ma van die dorp af terugkom.

16.9.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

16.9.2 Motiveer jou antwoord met slegs EEN woord uit reël 17 – 21 . (1)

16.10 Watter antwoord voltooi die volgende sin KORREK? Skryf slegs die vraagnommer (16.10) en die letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

'n Bewys dat die lewe na die vrou se dood sal aangaan, is as ...

A die tweevertrekhuisie se skewe deur haar roep.
B haar kinders 'n ander speletjie speel.
C haar man geduldig sy pyp stop.
D haar sak flenters lê. (1)

16.11 Watter EEN woord uit reël 22 – 29 is die bewys dat die lewe *gou* weer na normaal sal terugkeer. (1)

16.12 Kies die aanhalings uit KOLOM B om by die woorde in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (16.12.1 – 16.12.3) en die korrekte letter (A – D) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 16.12.1 alliterasie | A uur na uur oor die vallei heen tuur |
| 16.12.2 personifikasie | B lê jou lyf bruin soos kardoes |
| 16.12.3 assonansie | C die son weer vuurmaak oor die bulte |
| | D hul stemme sal tussen die speel deur soek |

(3)

16.13 Dink jy dis'n goeie ding dat mense kruise langs die pad plant waar hulle geliefdes in motorongelukke gesterf het? Motiveer jou antwoord. (1)

16.14 Kan hierdie gedig iemand help om die dood van 'n geliefde beter te verwerk of te aanvaar? Motiveer jou antwoord. (1)

**[17½]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou